

# 12

## Hersiening

### ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders doen met 'n selfnasientoets hersiening oor Lesse 1 tot 11.

### KOM ONS BEGIN

Open deur 2 Timoteus 3: 14-17 te lees en dan 'n gebed te doen:

*<sup>14</sup>Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was <sup>15</sup>en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. <sup>16</sup>Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, <sup>17</sup>sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.*

### VANDAG LEER ONS

#### BEGIN SO

Ons doen vandag hersiening oor die 11 lesse wat ons tot hier gedoen het.

#### IETS OM TE DOEN

Fotostateer die toepaslike vraestel aan die einde van die boek op gekleurde papier.

Gee genoeg tyd om antwoorde in te vul. Gee aan die einde die regte antwoorde, en laat elkeen sy eie vraestel nasien.

1. Watter woord of woorde dink jy is die beste?
  - Wie het besluit dat ons aan God moet behoort? *God self.*  
(*God self / ek / my ouers / die dominee*)
  - Daar is 'n *ooreenkoms* tussen ons en God: Hy sal altyd vir ons sorg.  
(*muur / ooreenkoms / Satan / God / sorg / bang wees*)

- Jesus se *opstanding uit die dood* wys dat *God mag het oor die dood*.  
(*verwerping van / opstanding uit / God / 'n mens*)
- Ons *moet nie bang wees vir die dood nie*, want dit kan ons nie *van God af* weghou nie.  
(*moet / moet nie / van God af / van die skool af*)
- Die dag waarop ons Jesus se dood herdenk, noem ons *Goeie Vrydag*.  
(*Paassondag / Goeie Vrydag / Kersfees / dodedag*)
- Die dag waarop ons sy opstanding uit die dood herdenk, noem ons *Paassondag*.  
(*Bartolomeusdag / Advent / Paassondag*)
- Ons moet vir almal die *goeie nuus* vertel dat Jesus uit die dood uit opgestaan het.  
(*fabel / slegte nuus / goeie nuus / mite*)
- Om jouself te *verloën*, beteken dat jy nie die belangrikste is nie, maar dat God die belangrikste is.  
(*verloën / verag / verwens / prys*)
- Ons dra ons *kruis* wanneer ons eerder doen wat God van ons vra as dit wat mense van ons vra.  
(*kruis / wapens / verlossing / geloof*)
- Ons *volg* Jesus as ons maak soos Hy sou maak.  
(*volg / bespot / verraai*)

## 2. Waar/vals?

- Die water en wyn is simbole van Jesus se liggaam en bloed. *Vals (brood, nie water nie)*.
- Wanneer ons die tekens van brood en wyn sien, dink ons aan die verlossing wat Jesus vir ons gee deur sy kruisdood. *Waar*.
- Jesus het die Nagmaal ingestel. *Waar*.
- Ons vier die Nagmaal sodat God ons daardeur kan herinner dat Hy vir ons lief is en vir ons die verlossing gee in Jesus Christus. *Waar*.
- Moses het die opdrag gegee dat mense gedoop moet word. *Vals (Jesus het)*.
- Bekering beteken: Jy draai weg van die verkeerde manier van lewe en draai na God toe om jou deur die Heilige Gees krag te gee om te begin lewe soos wat God van jou vra. *Waar*.
- *Die Heilige Gees het ons verlaat* op pinksterdag. *Vals (die Gees het by ons kom woon)*.
- *Drieduisend* mense het op pinksterdag tot bekering gekom? *Waar*.
- Net grootmense mag gedoop word. *Vals (kinders en grootmense mag)*.

## 3. Kies die regte antwoord.

- Wat het God aan Abraham belowe? *Dat Hy altyd sy God sal wees en hom altyd sal help*.

*(Dat daar nooit weer oorlog in die wêreld sal wees nie / dat Hy altyd sy God sal wees en hom altyd sal help / dat hy 'n slaaf in Egipte gaan wees)*

- Geld hierdie belofte ook vir ons? *Ja, ons is deel van Abraham se nageslag. (Ja, ons is deel van Abraham se nageslag / Nee, ons is nie Jode nie / Ja, want ons gaan ook eendag in Haran bly)*
  - Hoe kan ons seker wees dat God se belofte aan Abraham ook vir ons bedoel is? *God verseker ons daarvan deur die Doop. (Ons kan nie seker wees nie / Ons is net sulke goeie mense soos hy / God verseker ons daarvan deur die Doop)*
4. Trek 'n streep deur die sin wat nie reg is nie.
- Ons hoor elke Sondag die Here se wet in die erediens.
  - As kinders van God is dit ons verantwoordelikheid om elke dag gehoorsaam aan Hom te wees.
  - ~~Ons moet God teleurstel en lelike en slegte dinge doen.~~
  - Kinders van God gee om vir ander mense.
  - Wat God van ons vra, is belangriker as wat mense van ons vra.
5. Jesus se dissipels het die mense wat hulle kindertjies na Jesus toe gebring het, weggestuur. Watter sin of sinne is verkeerd? Trek 'n streep daardeur.
- Jesus het gesê dat hulle nie die kinders moet verhinder nie.
  - ~~Kinders is vir Jesus nie belangrik nie.~~
  - Jesus is lief vir kinders.
  - Jesus leer ons dat kinders ook plek het in die kerk.
  - Almal – kinders, diakens, ouderlinge en die dominee – is ewe belangrik in die kerk.
  - ~~Kinders het niks te doen in die gemeente nie.~~
6. Trek hier ook 'n streep deur dit wat verkeerd is.
- God het my liefgehad nog voordat ek gebore is.
  - Wanneer ek bang en bekommerd is, weet ek dat God nog steeds vir my omgee.
  - ~~God ken my beter as enige iemand anders. Daarom gaan Hy my veroordeel en verdoem.~~
  - God se wet is die kompas om ons te help om in die regte rigting te lewe sodat ons by ons bestemming kan uitkom.
  - God se wet is ook die lig wat op ons lewens skyn sodat ons kan sien waar ons ongehoorsaam is en verkeerd doen.
  - Sonder God se wet gaan ons verkeerde dinge doen sonder dat ons dit eens agterkom.
  - ~~Dit is nie nodig dat ons ons lewens voortdurend sal meet aan God se wet nie.~~
7. Skryf in jou eie woorde wat die volgende beteken:
- Hoe voel jy daaroor dat God jou Syne gemaak het? *Ek is dankbaar en bly daaroor.*

- Beteken om God se kind te wees ook vir jou iets vir jou toekoms? *Ja, dit beteken dat ek nooit onnodig vir enigiets bang hoef te wees as ek God se kind is nie.*
- Wanneer jy 'n mooi ding gemaak het, wat doen jy daarmee? *Ek pas dit op, want dit is vir my kosbaar.*
- Sal God vir altyd vir ons lief bly, of kan dit gebeur dat God sal verander? *God sal altyd vir ons lief bly en nooit verander nie.*
- Wat beteken dit om gedoop te wees –
  - in die Naam van die Vader? *Dat die Vader vir ons sal sorg.*
  - in die Naam van die Seun? *Dat ek deel in die verlossing wat Jesus gebring het.*
  - in die Naam van die Heilige Gees? *Dat ek vas kan glo dat ek God se kind is, dat die Heilige Gees my help om reg te lewe, en dat ek die versekering het dat God altyd by my sal wees.*

8. Voltooi die sin.

- Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by ons almal wees.
- Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.
- Jesus het gesê: “Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle”.

## **AFSLUITING**

Sluit af met gebed.

## **BY DIE HUIS**

Laat hulle tuis die vrae en antwoorde op die gekleurde vraestel gaan leer. Hulle gaan volgende week hulle ouers toets *laat skryf*.

## **BELANGRIK**

- Het jy onthou om met die orrelis en die dominee te reël om 'n lied te kies en al die kinders in die gemeente dit te laat oefen, sodat hulle dit met Les 13 in die erediens kan sing? Die dominee moet in die erediens benadruk dat die lied ons antwoord is op God se Woord.
- Wys 'n kind aan om volgende week af te sluit soos aangedui in die boek.